**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

* H I S T A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is:

    **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

    VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

    VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

    VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELD ORDE, 1989 TOT DIE HEDE

    **AFDELING B: OPSTELVRAE**

    VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

    VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

    VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELD ORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

    4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

    4.2 Die DERDE vraag kan of 'n brongebaseerde vraag wees of 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

9. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM verkry word.

### VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE OP SUID-AFRIKAANSE STUDENTE IN DIE 1970's GEHAD?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Omskryf die begrip *Swartbewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Lys TWEE organisasies wat, volgens die bron, die Swartbewussynsfilosofie onder swart Suid-Afrikaanse studente bevorder het. (2 x 1) (2)

1.1.3 Waarom dink jy het meer as 100 tot 180 leerlinge die eksamen op die boek *Swart Pelgrim* deur FA Venter geboikot? (1 x 2) (2)

1.1.4 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik hoe die Swartbewussynsfilosofie Swart en Kleurling skoliere in die Kaap in 1976 beïnvloed het. (2 x 2) (4)

1.1.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die impak van die SASB op Swart en Kleurling studente in die Kaap in 1976 bestudeer. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Haal VIER stukke bewyse vanuit die bron aan wat aantoon dat die jeug van Soweto deur die idees van Swartbewussyn beïnvloed was. (4 x 1) (4)

1.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om die 'brood-en-botter'-sake wat die inwoners van Soweto in die gesig gestaar het, te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Waarom, volgens die visuele bron, het die studente van Soweto op 'n protesaksie besluit? (1 x 2) (2)

1.3.2 Wat, dink jy, was die intensie van die fotograaf met die publisering van hierdie foto? (1 x 2) (2)

1.3.3 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie foto vir geskiedkundiges wat die oorsake van die Soweto Opstand bestudeer. (2 x 2 ) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.4 Lees Bron 1D.

1.4.1 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik wat Biko bedoel het toe hy gesê het dat hy Suid-Afrika ''n meer menslike gesig' wou gee. (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik waarom die apartheidsregering Biko se invloed as 'n politieke leier probeer verhoed het. (2 x 2) (4)

1.4.3 Wat was Biko se grootste nalatenskap wat hy tydens die stryd (*struggle*) beveg het? (1 x 2) (2)

1.4.4 Wat, volgens die bron, het die regering gedoen om Biko se lewe te vereer? (2 x 1) (2)

1.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy die impak van die Swartbewussynsfilosofie op Suid-Afrikaanse studente in die 1970's bespreek. (8)

**[50]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISIE (WVK) MET DIE VERLEDE GEDEEL?**

Bestudeer bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Kwoteer TWEE probleme wat die WVK tydens sy verhore ondervind het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom, volgens die bron, was die oortreders bereid om vergifnis te vra? (1 x 1) (1)

2.1.3 Deur gebruik te maak van jou eie kennis, lewer kommentaar op die relevansie van die stelling '*ons mense is baie goed bedeeld met die gees van Ubuntu'.* (2 x 2) (4)

2.1.4 Wat verstaan jy onder die konsep 'reparasies' binne die konteks van die WVK? (1 x 2) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Mev. Mtimkulu voor die WVK verskyn het. (2 x 2) (4)

2.2.2 Waarom dink jy, het Mev Mtimkulu die menslike hare vir 20 jaar lank bewaar? (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Hoe, volgens die bron, het Siphiwo Mtimkulu gesterf? (1 x 1) (1)

2.3.2 Identifiseer die TWEE sekuriteitspolisie-beamptes wat by die dood van Siphiwo Mtimkulu betrokke was. (2 x 1) (2)

2.3.3 Verduidelik waarom jy dink dat Gen. Van Rensburg blatant voor die Harmskommissie gelieg het. (2 x 2) (4)

2.3.4 Identifiseer bewyse in die bron wat aandui dat die apartheidsregering Mnr. Mtimkulu dood gemaak het. (1 x 2) (2)

2.3.5 Deur gebruik te maak van die bron en jou eie kennis, verduidelik wat bedoel word met die stelling dat 'haar hare het sneeuwit geraak sedert haar laaste verskyning'. (2 x 2) (4)

2.4 Hoe ondersteun Bron 2A vir Bron 2C met betrekking tot die doelwitte van die WVK? (2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Identifiseer die manier hoe Bheki Mlangeni gedood was. (1 x 2) (2)

2.5.2 Volgens die bron, wat word bedoel met Mev. Mlangeni se verklaring *'… soos ons dood is nou'*? (1 x 2) (2)

2.5.3 Haal bewyse vanuit die bron aan wat aandui dat Mnr. Sithole verwag het dat die ANC-regering hom een of ander vorm van kompensasie sou toestaan. (1 x 2) (2)

2.5.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die WVK bestudeer. (2 x 2) (4)

2.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van omtrent AGT reëls (80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie daartoe in staat was om met die verlede te deel. (8)

**[50]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN GLOBALISASIE OP DIE LEWENS VAN GEWONE MENSE IN DIE NUWE WÊRELD-ORDE?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *globalisasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Identifiseer enige DRIE voordele van globalisasie soos vervat deur internasionale handel. (3 x 1) (3)

3.1.3 Gebruik die inligting vanuit die bron en jou eie kennis om die bruikbaarheid van hierdie bron aan geskiedkundiges wat internasionale handel bestudeer te verduidelik. (2 x 2) (4)

3.1.4 Verduidelik waarom daar, volgens die bron, 'n groot gaping tussen die rykes en die armes' is. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die rol van die IMF en die Wêreldbank binne die konteks van globalisering te verduidelik. (2 x 2) (4)

3.2.2 Verduidelik wat bedoel word met die slagspreuk op die plakkaat '*GO TO HELL WITH YOUR AID'.* (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Lys DRIE organisasies wat saamwerk in 'n yster driehoekplan om die korporatiewe plan van vrye handel deur te voer. (3 x 1) (3)

3.3.2 Wat, volgens die bron, was die werk van die yster driehoek? (2 x 1) (2)

3.3.3 Verduidelik hoe die arm lande geforseer was om hul skuld aan die IMF en WHO af te betaal. (2 x 2) (4)

3.3.4 Watter afleiding kan jy maak van lande wat meer aandag skenk aan die uitvoer van voedsel vergeleke met die verbouing van voedsel vir plaaslike verbruik? (1 x 2) (2)

3.3.5 Waarom, volgens die bron, was veiligheid vir die inheemse bevolking, werkers en omgewing prysgegee? (1 x 2) (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Identifiseer TWEE negatiewe gevolge van globalisasie soos vervat in die bron. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 1) (2)

3.4.2 Waarom, dink jy, het globalisasie armoede en ongelykhede onder arm lande veroorsaak? (1 x 2) (2)

3.5 Verwys na Bronne 3C en 3D. Lewer kommentaar op hoe hierdie bronne mekaar met betrekking tot die impak van globalisasie op gewone mense ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van omtrent AGT reëls (80 woorde) waarin jy die impak van globalisasie op die lewens van gewone mense in die Nuwe Wêreld-orde bespreek. (8)
**[50]**

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae vanuit hierdie afdeling.

Jou opstel moet ten minste DRIE bladsye in lengte wees.

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

In 1980, het PW Botha verklaar dat 'die strategiese posisie van Suid-Afrika het verander met betrekking tot apartheid. Ons moet aanpas of sterf.'

Verduidelik tot watter mate Botha se aanpassing van die apartheidsbeleid deur die interne versetsbewegings in die 1980's uitgedaag was. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

'Die verskeie rolspelers het saam ŉ belangrike rol gespeel om te verseker dat Suid-Afrika ŉ nie-rassige demokratiese land in 1994 geword het.'

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante bewyse om jou gedagtegang te ondersteun. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ŉ NUWE WÊRELD-ORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

'Die val van die USSR het Suid-Afrika se toekoms positief geaffekteer.'

Evalueer hierdie stelling krities deur gebruik te maak van relevante historiese bewyse om jou gedagtegang te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Downloaded from eduresourceza.com
Kopiereg voorbehou